

# CALVYN EN DIE ETIEK

(Prof.dr. H.G. Stoker)<sup>i</sup>

## A. Die historiese perspektief

1. Ons hoofvraag wat ons in enkele hooftrekke wil beantwoord is of die etiek van Calvyn vir ons huidige Calvinistiese etiek van betekenis is.

Die etiek van Calvyn is in hoofsaak teologiese etiek. Die uitdrukking 'die etiek van Calvyn' gebruik ons in 'n vae losse en ruime betekenis. Eerstens, al het Calvyn duidelik en indringend die beginsels van die sedelike uit Gods Woord geput, het hy ons geen sisteem van etiek nagelaat nie. Tweedens behandel Calvyn die sedelike in sy innige verbondenheid met religie en religieuse sedelikheid sonder om beide skerp te onderskei. Derdens is vir hom die sedelike so te sê alles wat onder die norma agendorum val en onderskei hy ook nie, altans nie skerp nie, o.a. tussen die spesifieke sedelike en ander normatief bepaalde handeling soos o.a. die logiese juridiese, ekonomiese en estetiese nie.

Op die ontwikkeling van Calvinistiese etiek vanaf Calvyn via Polanus, Voetius en Geesinck tot vandag gaan ons nie in nie, maar stel die etiek van Calvyn naas die huidige Calvinistiese etiek. Tussen beide lê 'n tydverloop van meer as 400 jaar, en die hiermee gegewe historiese perspektief verplig ons om eers iets oor geskiedenis te sê.

2.a Geskiedenis is die antwoord van die mens op die take wat God deur Sy Woord en Sy werke aan die mens stel. Sommige take bly deur die eeue heen dieselfde, ander verskil van historiese situasie tot historiese situasie o.a. volgens aanleg en talente asook van omstandighede en geleenthede. Beide tipes van take moet in oog gehou word. Die geskiedenis vertoon 'n voortgang wat vooruitgang of agteruitgang of in een opsig vooruitgang en in 'n ander opsig agteruitgang kan wees. Kenmerkend van voortgang is dat die antwoorde op nuwe take die antwoorde op vooraf gegewe take veronderstel, m.a.w. dat progressie op tradisie bou. Progressie hou ten dele tradisie effektief en laat ten dele tradisie verouder. Die een het sonder die ander geen sin nie. God lei die geskiedenis o.a. deur die taakstelling aan die mens soos 'n vraag die antwoord lei. Die gang van die geskiedenis is nie aan toeval onderwerp nie; God verwesenlik o.a. met en deur die geskiedenis Sy raadsplan op aarde. Die mens, geskape na die beeld van God is vir sy antwoorde (vir die vorming van geskiedenis) aan God verantwoordelik.

2.b Die wetsorde van God geld vir alles wat Hy geskape het. Hieruit volg a priori dat daar 'n historiese wet moet wees. Hierdie wet kan nie 'n wet van vooruitgang wees nie omdat die

geskiedenis ook agteruitgang ken; en omdat meting van vooruitgang norme (soos bv. die religieuse, sedelike, ekonomiese en estetiese norme) veronderstel wat self geen historiese norme is nie. Die historiese wet is m.i. die wet van voortgang wat eis dat in elke opeenvolgende tydsgewrig en historiese situasie die antwoorde op sowel die blywende as die nuwe take gegee sal word in hul verbondenheid met die reeds gegewe antwoorde op blywende en nuwe take van 'n voorafgegane tydsgewrig en historiese situasie.

Die historiese wet verbied repristinasië, d.w.s. die poging om tot die verlede as sodanig terug te keer en die verlede hede te maak. Dit verbied dus i.c. dat die huidige Calvinistiese etiek by die etiek van Calvyn sal bly staan. Die huidige Calvinistiese etiek moet dus verder gaan as die van Calvyn gegaan het. Sinds die tyd van Calvyn het baie geskied, en is o.a. nuwe kennis verwerf asook nuwe handelingsmoontlikhede aan die mens geskenk. Dit moet dus ook anders wees as die van Calvyn. Hoe verskil die take aan die huidige mens gestel nie van die take aan die mens in die tyd van Calvyn gestel nie. Let o.a. maar op die verskil tussen die tydskrisis waarin Calvyn geleef het, wat 'n krisis was van die oorgang van die middeleeuse geskiedenis (ongeveer 500 tot pl.m. 1500 n.Chr.) na die moderne geskiedenis (ongeveer 1500 n. Chr. tot vandag) met die huidige tydskrisis wat 'n oorgang is van die moderne geskiedenis na wat komende is.

Die historiese wet verbied sowel die poging tot rewolusie (d.w.s. die nivellering van die verlede) as die poging tot progressivisme (d.w.s. die uitsluitlike wending van die blik op nuwe take, die ontworteling van die komende van die verbygegane). Dit eis i.c. dat die huidige Calvinistiese etiek sy roeping nie sal sien net as beantwoording van nuwe take, geïsoleer van vroeëre take en die daarop gegewe antwoorde nie, maar dat dit rekening sal hou met die etiek van Calvyn insover dit regte antwoorde gee en dat dit hierdie antwoorde sal aktueel hou, d.w.s. herhaal.

Also eis die historiese voortgangswet die handhawing van die innige verbondenheid van die diskontinue met die kontinue.

Die historiese wet verbied egter nie reformasie nie. Die bepaling wat reformasie eis is nie die historiese wet nie, maar norme waarmee vooruitgang, resp. agteruitgang gemeet word. Met reformasie word deformasie bestry. Die reformasie ontken nie die take van die verlede en van die toekoms nie, maar wil in die betrokke tydsgewrig en historiese situasie die verkeerde antwoorde deur die juiste vervang. Insover i.c. die antwoorde van Calvyn verkeerd was, sal die huidige Calvinistiese etiek dit moet bestry, d.w.s. die etiek moet reformeer op grondslag van die gemeenskaplik aanvaarde juiste antwoorde.

Die Calvinistiese etiek is egter nie isoleerbaar van die etieke van andersdenkendes nie, en sal volgens die historiese voortgangswet asook volgens die eis van vooruitgang (wat nie perfeksionisties bedoel is nie) rekening moet hou met waarheidsmomente in vroeëre en huidige antwoorde van andersdenkendes, maar sal die verkeerde in daardie antwoorde moet bestry.

Die historiese voortgangswet is 'n norm wat oortreebaar is; daarom verbied dit o.a. bogenoemde pogings tot oortreding. Interessant is egter dat in 'n ander sin die historiese voortgangswet nie oortreebaar is nie, omdat elke poging om dit te oortree in 'n nuwe tydsgewrig en nuwe historiese situasie geskied, wat met die verlede innerlik verbind is en meteen iets nuuts daarstel, d.w.s. tog deel het aan voortang.

## B. Die openbaring van God as kenbronne van die sedelike by Calvyn

1. Vir sy etiek is sy Skrifbeskouing van besonder betekenis. Gods Woord is vir hom die vernaamste bron van kennis van die sedelike. Hy leer o.a. dat die Heilige Skrif die absolute en onfeilbare Woord van die lewende God is; dat dit sy oorsprong in die hemel het; dat dit met Goddelike gesag bekleed is en die kerk nie daarbo staan nie, maar daaraan onderworpe is; dat vir die ware geloof ons nie op persoonlike ingewing en nie op inwendige verligting mag vertrou nie, maar slegs op die krag van Gods Woord self, en op die getuienis van die Heilige Gees in ons harte aangaande die waaragtigheid van hierdie openbaring van God; dat die menslike verstand en rede nie oor die waarheid van Gods Woord beskik nie, maar onvoorwaardelik voor die Woord van God moet buig; dat dit 'n gids is vir die hele lewe van die gelowige in hierdie bedeling en 'n norm vir al sy doen en late.

Uit die Heilige Skrif put Calvyn sy teologiese en antropologiese beskouings; hulle sien as onmisbare agtergrond vir sy etiek. Hy ontgin uit Gods Woord die sedelike beginsels waaraan die hele lewe van die mens en in besonder die lewe van die gelowige gebind is, en sien hulle in hul innerlike verbondenheid met die Skriftuurlike religie, die enigste absolute en ware religie.

2. Ook aanvaar Calvyn sowel die algemene openbaring van God soos die Heilige Skrif dit meedeel as die algemene openbaring in die 'natuur' self, mits dit besien word in die lig van Gods Woord.

Vir sy etiek put hy eintlik nie uit die openbaring Gods in die 'natuur' nie. Tog handhaaf hy dat God in Sy goedheid ook aan die ongelowiges en heidene uitnemende gawes van verstand geskenk het; dat die waarheid wat ons bv. by die heidene vind (o.a. in hul regsgeleerdheid, redeneerkunde, geneeskunde, wiskunde en natuurkunde) nie verwerplik is nie, en dat ons dit selfs

mag bewonder en dankbaar daarvan gebruik mag maak omdat die Heilige Gees die Outeur daarvan is; maar dat ons dergelike waarhede altyd moet sien op die grondslag van die Goddelike waarheid deur Hom in Sy Woord geopenbaar; dat die heidene van nature die dinge van die Wet doen en dat die werk van die Wet ook in hulle harte geskrywe staan; dat die verstand van die natuurlike mens nog enigsins kan onderskei tussen goed en kwaad; maar dat ons omdat die menslike verstand deur die sonde verduister is, sy kennis van goed en kwaad moet toets aan die openbaring van die Wet in die Heilige Skrif; dat ons ook by goddelose mense soms deugde van bv. geregtigheid, vriendskap, matigheid, soberheid, kuisheid en die onderhouding van reg en wet aantref; maar dat hulle hierdie goeie werke op 'n slegte manier volbring op grond van die bese gesondheid van hul harte.

Calvyn sluit die ondersoek van die sedelike in die 'natuuropenbaring' van God, gesien in die lig van Gods Woord, nie uit nie, en verwys herhaaldelik hierdie taak na filosowe, nieteenstaande hy dit wat filosowe bied gewoonlik ongenadiglik kritiseer. Tereg waarsku Calvyn dat die kennis van God en Sy gebod, van die ware religie en van die ware sedelik-religieuse norme nie uit die 'natuur' geken kan word nie; dat die 'natuurlike' moraal nooit tot maatstaf van die ware moraal gestel mag word nie (nie net omdat die natuuropenbaring van God onvoldoende is nie, maar veral ook omdat die historiese gang as sodanig nooit norm van Gods wil kan wees nie en dus die norm van die dinge nie in die 'natuur' lê nie waar in Gods wil); en dat wie die norm ontleen aan die natuur, dit ontleen aan die sedelik verdorwe 'natuur' van die mens en van die van God afgevalle wêreld.

### C. Die teosentriese fundering van die etiek van Calvyn

1. Dit is nodig om vir wat Calvyn bied maar terminologies nie skerp onderskei nie, enkele terme in te voer. Horisontaal noem ek die verhoudings waarin die kreatuurlike (stof, plant, dier en mens) onderling tot mekaar staan. Vertikaal noem ek die verhouding waarin die skepping (stof, plant, dier en mens) tot God staan. Teaal noem ek die vertikale verhouding waarin die hele skepping tot God staan; selfs 'n klip word as 'n skepsel Gods deur Hom in stand gehou, is aan Gods wetsorde onderworpe en openbaar Sy grootheid, krag en majesteit. Godsdiens is gegee waar die mens (d.m.v. gebed, loflied, Woordverkondiging, sakramente-gebruik, ens.) hom direk tot God wend. Religie is gegee waar die mens alles wat hy doen en laat (w.o. sy kultuurvorming soos wetenskapsbou, taalvorming, kunsskepping, ekonomiese bedryf, regshandelinge en sedelikheid) as roeping aanvaar wat God hom stel, waartoe God hom die aanleg en talente asook die omstandighede en geleenthede skenk en waarmee hy tot eer van God hom dien. Van drie konsentriese sirkels kan die buitenste die teale verhouding, die binneste godsdiens en die middelste sirkel religie voorstel.

2. Die leerstukke van die transsendensie en immanensie asook van die triniteit van God speel 'n belangrike rol in Calvyn se etiek. Sy institusie volg die trinitariese indeling. Die teologiese grondbeginsel : 'uit God, deur God en tot God alle dinge' geld ook vir die sedelike lewe van die mens. Calvyn sien teosentries konsekwent die sedelike lewe van die mens in sy radikale afhanklikheid van en betrokkenheid op God Drie-enig, Wie se majesteit as Skepper en Wie se wysheid, goedheid en almag oor en in alles onvoorwaardelik aanvaar moet word; Wie se wil, absolute soewereiniteit en wetsorde onvoorwaardelik geld vir ál Sy werke en vir alles wat die mens doen en laat; Wie se raad volgens Sy welbehae alleen alles bepaal, predestineer en verwerklik, en Wie m.b.t. die sondeval van die mens en die soenverdienste van Jesus Christus ten ewige lewe of ten ewige dood uitverkies; Wie die harte ontvanklikheid maak vir Sy genade of verhard, en Wie volgens Sy geregtigheid en regverdigheid asook volgens Sy liefde en barmhartigheid alles bestuur en deur Sy Heilige Gees lei; tot Wie se eer en verheerliking alles strek. Daar is so te sê geen eienskap of daad van God wat Calvyn nie i.v.m. die sedelike lewe van die mens stel nie. Ons beperk ons m.b.t. die teosentriese fundering van Calvyn se etiek tot sy leer van teonomie en van voorsienigheid.

3. Die teonomie van God is absoluut en radikaal en gaan teel oor álles wat Hy geskape het, en geld godsdienstige en religieus vir die hele lewe van die mens. Die hele skepping is onvoorwaardelik gebind aan Sy wetsorde. Vir die mens geld Sy sedewet absoluut. Daarteen het die mens niks in te bring nie, en daaraan sal hy hom in al sy doen en late onvoorwaardelik onderwerp. Dit vind sy besondere uitdrukking in die 10 gebooe en in die dubbele liefdesgebod van Jesus Christus. Dit is die enigste norm van die sedelik goeie, 'n norm wat Calvyn konsekwent religieus opvat. Die sedelike goeie as beantwoording aan die sedewet vind sy grond in God alleen. Calvyn laat nie toe dat hierdie radikale teonomie van die sedelike verswak word nie. God egter staan Self absoluut bo die sedewet, en Hyself mag nie beoordeel word volgens die norm wat Hy aan die mens gestel het nie; Hy mag nie onder die kategorie van menslike sedelikheid gestel word nie. Menslike gehoorsaamheid aan die sedewet is geen verdienste nie, maar vrug van Gods werk in die mens. Die verwerkliking van die sedelike goeie is 'n werk van God kragtens Sy goedheid en genade, kragtens die soenverdienste van Jesus Christus en kragtens die alomteenwoordige leiding en inwerking van die Heilige Gees.

4.a In sy teale visie van die voorsienigheid van God stel Calvyn dat hemel en aarde en alles wat daarin is aan God behoort; dat dit alles van Sy wonderbare wysheid, goedheid en almag getuig. God het nie net geskep nie, maar onderhou en regeer die hele skepping. Ook uit Sy onderhouding spreek Sy Goddelike krag. Die wêreld word egter nie net in stand gehou deur die algemene werking wat van God uitgaan nie, maar word deur 'n besondere voorsienigheid

onderhou. Hy regeer elke ding wat Hy gemaak het, selfs die mossies in die lug. Die verloop in die natuur is nie meganies nie; daar is geen toeval en noodlot nie; daar bestaan geen selfstandige natuurwet teenoor God nie; ook verdeel Hy Sy regering nie tussen Hom en die mens nie; daar kan niks gebeur wat God nie verorden en bestem het nie; en selfs die skynbaar toevallige staan onder Sy wil. Al wat bestaan is die alwyse en algoeie bestier van God. Waaksaam is God altyd besig om Sy regering oor al Sy werke uit te strek. Sy voorsienigheid beteken dat Hy alles, elke gebeurtenis in hemel en op aarde, elke besondere skepsel tot sy besondere doel bepaal en bestuur. In Sy regering van alle dinge maak Hy gebruik van mindere of ondergeskikte oorsake, wat Hyself bepaal het en wat in hul werking in Sy hand is. Die oorsaak en grond van al hierdie werksaamheid van God is Sy goedheid, die doel Sy heerlikheid.

4.b Godsdienstig en religieus geld dit alles in die besonder vir die menslike geslag, en veral vir Sy kerk. Hy betoon Sy vaderlike goedheid, guns en regverdigheid aan alle mense en in die besonder aan Sy uitverkorenes. Van Sy hand kom alle seëninge, maar ook alle strawwe en beproewings. Hy regeer die planne en werke van alle mense. Dit is nie net die geval met die uitverkorenes wat deur die Heilige Gees gelei word nie, maar ook van die verwerpenes wat Hy tot onderdanigheid dwing. God het tot Sy meerdere heerlikheid die sondeval en kwaad nie net toegelaat nie, maar ook gewil, en gebruik dit in Sy voorsienigheid tot die verwesenliking van Sy raad. Satan mag agter die mens ten kwade werk, maar God gebruik die werk van Satan en alle kwaad ten goede. Nie net die wedergeborenes nie, maar ook die goddelose mens gebruik Hy as instrumente in Sy hand tot Sy diens. Aan die alwerksaamheid van God kan niemand, ook nie die heiden nie, hom onttrek nie. God se wil is die regverdigste oorsaak van alles.

Calvyn se etiek is veral die antwoord op die vraag: hoe moet die mens in die aangesig van die wet en van die voorsienigheid van God sy lewe inrig? In hierdie lig besien Calvyn die sedelike.

God gee in Sy voorsienigheid ons ook middele wat ons moet aanwend tot beskerming van ons lewe. Die gelowige sal egter nie op middele vertrou asof alles daarvan afhang nie, maar sy hart alleen plaas op God se voorsienige bestuur. En al slaan hy sy oë na God, moet hy tog ook op mindere en ondergeskikte oorsake let. As 'n ander mens hom goed doen, sal hy hom ook dank, al is daardie persoon instrument in Gods hand en al kom God die eerste dank toe vir die goedheid wat 'n ander mens hom betoon.

5. Calvyn se etiek is veral die antwoord op die vraag hoe die mens sy lewe moet inrig in die aangesig van die wet en van die voorsienigheid van God. In hierdie lig besien Calvyn die sedelike lewe van die mens; hoe God ons oefen tot vrees, gehoorsaamheid en eerbiedige onderworpenheid aan sy wil en wet, tot lydsaamheid, heiligheid en beteueling van ons

ongebondenheid, tot beskeidenheid, ootmoed, bewondering en aanvaarding van Sy leiding. Ootmoediges sal nie murmureer nie, maar sal bereid wees om Hom te volg waarheen Hy hulle ook mag roep, God ook in dae van teëspoed volkome vertrou en dankbaar uit Sy hand aanvaar sowel goed as kwaad, wetende dat alles ten goede saamwerk vir Wie hom lief het en vrees; hy hoef geen vrees, angs en kommer te hê nie, want alles is veilig in Gods hand. Vir so 'n lewe gee God hom die gawe van behoedsaamheid en oorleg. Maar genoeg. Bostaande is net enkele grepe om die betekenis van Calvyn se Skriftuurlike leer van teonomie en voorsienigheid vir sy etiek te laat blyk; dit gee aan die lewe vastheid en vertroue, 'n hegte fondament, 'n verligting en bevryding van angs en vrees en 'n positiewe religieus-sedelike vryheid.

#### D. Die antropologiese agtergrond van Calvyn se etiek

1. Calvyn het ons geen sistematies uitgewerkte antropologie nagelaat nie, en wat hy van antropologie gee is hoofsaaklik teologies van aard. Maar sonder sy antropologie kan ons sy opvatting van die sedelike nie reg verstaan nie.

Die wederkerige verhouding waarin God tot mens en mens tot God staan, is die sentrale motief van Calvyn se etiek. Die sedelike vind sy absolute grond in God, en die sedenorm is 'n wet van God; maar die sedelike self is iets geheel en al mensliks. Sy sedelike geaardheid kan die mens nie van hom afskud nie.

2. Antropologies vind by Calvyn die sedelike sy grond en bestand daarin dat die mens na die beeld van God geskape is. Sy God is God en die mens, mens; maar Godheid en goedheid word in die beeld van die mens uitgedruk. Dit bestaan in die besondere en uitnemende gawes waarmee Hy die mens versier het bokant alle ander skepsels, en omvat die ganse voortreflikheid van die mens, alles wat tot die geestelike en ewige lewe behoort. Dit vind sy setel in die siel, druk sig in alle dele uit en het in die uitwendige mens sy skynsel. Dit is geestelik van aard. Dit is die innerlike gesteldheid en goedheid van die siel. Dit word gekenmerk deur ware kennis (die verligting van die verstand), geregtigheid (die regtheid van die hart, die gerigtheid van die geneenthede deur die verstand) en heiligheid (die suiwere gesteldheid van alle dele, die juiste verhouding van al die sinne tot mekaar). Dit is 'n bewys van die weldadigheid van god. Ons moet in elke mens die beeld van God sien, waaraan ons liefde en eer verskuldig is, insonderheid in die huisgenote van die geloof. Kragtens die gawe van hierdie beeld kan die mens God ken en sy hart tot God rig. Die beeld is normatief vir die lewe van die mens. Die mens is kragtens die beeld 'n sedelike wese. Die mens was egter nie tevrede om die beeld van God te wees nie; hy wou aan God gelyk wees. Deur die sondeval is die beeld Gods verdonker en besoedel, verontreinig en byna uitgewis. Slegs 'n horrenda deformitas (gruwelike mismaktheid) het daarvan oorgebly. Tog

het deur die genade van God oorblywende tekens van die beeld behoue gebly, waardeur die mens mens bly en van ander skepsele onderskeibaar bly. Deur Jesus Christus word die beeld van God in die mens weer herstel. Dit skitter met heerlijkheid in die persoon van die Middelaar.

3. Die mens is as eenheid met siel en liggaam deur God geskape. Die siel (ook soms gees genoem) is geen deel van God nie, maar is onsterflik. Sy onsterflikheid word bewys deur die beeld van God, deur die gewete, deur die heerlike gawes van die siel en deur die kennis van geestelike en natuurlike sake asook van verlede, hede en toekoms. Die siel is die edelste deel van die mens en van hoër waarde as sy liggaam. Dit het 'n eie wese en is 'n onliggaamlike substansie wat in die liggaam soos in 'n huis woon. Die menslike liggaam is sterflik. Maar dit is (nes die sterrehemel) 'n pragtige kunswerk van God, al ons bewondering waardig. Die liggame van gelowiges is tempels van God en lede van Christus. Ook ons liggame moet God toegeheilig wees. Van die siel gaan alle beheer, ook oor die liggaam uit. Dit gee die lewe aan die dele van die liggaam, gebruik hulle as nuttige instrumente van sy werkinge en maak die mens veral bekwaam om god te dien, hoe onvolmaak ook vanweë die sonde. Die siel het 'n eie werk van die van die liggaam onderskeie, al werk dit ook deur die liggaam. Deur die sonde is nie net die liggaam nie maar ook die siel, en nie net die laere luste en sinlike begeertes nie, maar alle sielsvermoëns, ja die hele mens onrein, besmet en verdorwe, sodat alles wat uit hom kom as sonde gereken moet word. Deur die wedergeboorte word alle dele van die siel hernu. Met die wederopstanding staan die mens as eenheid met siel en liggaam op. Juis in die siel en sy werkinge is die sedelike geleë.

4. Die mens het 'n ingeskape aanleg om God te dien (semen religionis) en 'n ingeskape Godsbesef (sensus divinitatis). God wil hê dat die mens hom sal ken en dien en laat Hom aan niemand onbetuig nie. Die mens se kennis van homself is onafskeidelik verbind aan sy kennis van God. God gee die gawe om hom op te merk sodat niemand hom kan verontskuldig dat hy Hom nie gedien en nie gehoorsaam het nie. Elke mens, elke nasie besit die oortuiging dat daar 'n God is en het enige kennis van Hom. Reeds die heidense afgode en die skrik van die goddeloses bewys dit. Die ware geloof (wat geen superadditum is nie) wek die liefde en is 'n kennis van en 'n gerigtheid van die hart op die enige en ware God volgens Sy Woord, en is slegs moontlik deur die soenverdienste van Jesus Christus en die genadige inwerking van die Heilige Gees in die harte van die gelowiges.

5. Die gewete is meer as 'n kennis van goed en kwaad. Dit sien op God en is 'n getuie wat die mens voor die oordeel van God, voor Sy regterstoel stel. Dit laat hom nie toe om sy sondes te verberg nie, en vervolg hom totdat hy skuld erken. Met sy gewete vrees die mens die straf van God, wat geestelik is. 'n Goeie gewete is die innerlike opregtheid van die hart. Sy vrugte (bv.



vrede, gemoedsrus) kom die mens toe, maar self is die gewete op God gerig. Die gewete is deur die wet van God gebind, en nie deur mensgemaakte wette nie, en is in middelmatige dinge vry.

6. Calvyn wil (as teoloog, nie as wysgeer nie) 'n eenvoudige beskrywing van sielsvermoëns gee wat vir die opbouing van godsaligheid nodig is, en waarby hy nie in die fout van wysgere wil verval nie, wat die verdorwe staat van die mens nie ken nie en sy twee uiteenlopende state verwar. Met dit alles op oog onderskei Calvyn twee sielsvermoëns, nl. verstand en wil. Hy meen dat daar geen krag of werking van die siel is, wat nie onder een van hierdie twee betrek sal kan word nie.

Onder verstand verstaan Calvyn so te sê alle funksies wat tot vorming van kennis bydra w.o. rede, oorleg, gevoel en veral die onderskeiding van goed en kwaad. Onder wil verstaan Calvyn die eenheid van alle strewings, neigings en begeertes, maar veral die moontlikheid om te kies, te beslis en die leiding van die verstand te volg. Die verstand onderskei en lei; dit bestier as leidsman die wil. Die wil kies, beslis en handel, en verwag om in sy begeerlikheid en luste deur die verstand beoordeel te word. Die verstand is bekwaam om die mens tot sy bestemming te lei, nie alleen om sy aardse lewe te regeer nie, maar ook om hom tot God te laat opklim; dit kan en mag egter nie in die geheimenisse van God indring nie. Voor die val kon die verstand suiwer onderskei en die wil suiwer gekies het. Met die val is die hele mens verderf, slaaf van die sonde geword. Sy boosheid lê in sy verkeerde wilsbeslissing. Dit gryp die hele siel aan en brei sig van die sentrum van die lewe uit oor die uitwendige bestaan. Die mens sondig moedswillig teen beter wete in. Hy kies as sondaar noodwendig die kwaad, behalwe insover Gods genade dit teëwerk. Die wil is deur bose begeerlikhede gevange sodat dit die goeie nie kan najaag nie. Die gevolg van die sondeval is die verdorwenheid van die verstand. Hier heers onwetendheid, onjuiste onderskeidings, duisternis en geslotenheid vir die openbaring van God. Die mens kan die goeie nie meer ken nie, behalwe insover die Gees van God genadiglik die oorspronklike instand hou. Die verstand is in aardse sake nog met uitnemende gawes deur God beklee, soos ook duidelik blyk uit die prestasies van die heidene. Maar in hemelse sake (bv. m.b.t. die kennis van God en van Sy koninkryk) is selfs die allerskerpsinnigste denker blinder as 'n mol. Die mens het na die val nie sy verstand en wil verloor nie, maar wel die gesondheid van beide. Insover die mens in hierdie staat nog die ware kan ken en sy wil nog die goeie kan doen (hoe ook al beide deur die sonde verdorwe is), is dit 'n gawe van God. Nieteenstaande die verlossingswerk van Christus bly die mens in hierdie bedeling nog sondaar. Die genadige tegemoetkoming van die Woord hef die duisternis van die verstand nie op nie, maar lei tot suiwerder begrip en onderskeiding en tot verstandsverheldering; en die genadige wedergeboorte en bekering rig die hart en wil weer tot God, al bly dit nog aan die sonde gekluister.

7. Die mens is tot vryheid geskape, 'n vryheid wat wortel in die vrymag van God. Menslike vryheid is vir Calvyn daarin geleë dat mens met sy verstand suiwer onderskei, dat die wil goed kies, dat die mens uit eie beweging, en nie onder dwang nie, sy begeertes en luste bestuur in ooreenstemming met die leiding van sy verstand en dat hy aldus die wil van God doen en geregtigheid betrag. Met hierdie vrye wil kon die mens die ewige lewe beërwe. Die mens kon in hierdie vryheid staande gebly het, maar het geval. Hy het die gawe ontvang om te kan as hy wil, maar hy het nie die wil gehad om te kan nie. Met die sondeval het die mens sy gaafheid en meteen hierdie gawe van vryheid verloor. Tog het die in sonde gevalle mens mens gebly, sy verstand en wil en daarmee iets van sy oorspronklike vryheid behou. Hy kan nog onderskei al is sy rede verduister. Hy kan in aardse sake (bv. in die regering van huis en land, in handwerk en kuns) nog tussen dit en dat kies. Hy kan nog spontaan, d.w.s. sonder meganiese dwang van buite, kies. Hy kan nog van wat hy onderskei, die goeie begeer. Maar hy kies uit 'n staat van ongeregtigheid en handel spontaan uit die boosheid van sy hart en jaag die kwade na. Hy is geen stok en blok nie, maar kan uit homself die goeie nie meer kies nie. Eenmaal verkeerd gekies is die wil van sy gaafheid beroof en het hy die moontlikheid van keuse tussen goed en kwaad verloor. Vir sy sonde staan die sondaar voor God skuldig en veroordeel. Deur Christus vrygekoop van die vloek van die wet, kan die gelowige in sy gewete strewe na die versekerdheid van die regverdigmaking voor God, en na 'n vrywillige gehoorsaamheid aan die wil van God, en kan hy die uitwendige dinge, wat op hulleself middelmatig is, gebruik of nalaat. Aan sy val het die mens alleen en God geen skuld nie. Waarom het God egter die mens nie so gemaak dat hy nie kon val nie? Waarom het Hy hom nie die volharding geskenk om staande te bly nie? Ons kan God die wet nie voorskrywe nie. Dit is in Sy heilige raad verborge. Nogtans is die mens nie te verontskuldig nie, aangesien hy soveel van God ontvang het, en God nie verplig was om hom 'n onwankelbare wil te gee nie. So neem God ook uit die val van Adam stof tot Sy heerlikheid dat Hy die mens nie alleen kon skep nie, maar die gevalle mens weer kon herskep tot onverganklike heerlikheid. Die uitverkiesing t.o.v. die ewige lewe maak geen sorgelose mense nie.

#### E. Die algemene en die besondere etiek by Calvyn

1. Calvyn onderskei tussen tweërlei orde, (a) die orde van die skepping en (b) die orde van verlossing; en tussen tweërlei kennis van God, (a) die kennis van die Skepper as die enige ware God en (b) die kennis van God as ons Vader en Verlosser in Jesus Christus. Hiervolgens kan ons by Calvyn onderskei tussen (a) 'n algemene en (b) 'n besondere religie; en tussen (a) 'n algemene en (b) 'n besondere etiek. Die algemene religie (en algemene etiek) betref die mens as sodanig, m.a.w. die mens, soos hy volgens die Heilige Skrif in sy skeppingsrelasie in statu rectitudinis sou ontwikkel het. Die besondere religie (en besondere etiek) betref die uitverkorene en wedergebore mens. Die besondere religie (en besondere etiek) sluit by die algemene religie (en algemene

etiek) aan, maar voeg kragtens die uitverkiesing iets besonder daaraan toe. Daarom mag die besondere religie (en besondere etiek) nie gegeneraliseer word nie; dit geld nie vir alle mense nie. Die besondere sedelike norm moet in sy besonderheid onderskei word van die algemene norm wat vir alle mense geld. Die openbare lewe mag nie aan die norme van die gemeenskap van die heiliges onderwerp word nie.

Die algemene religie (en algemene etiek) is iets anders as natuur-religie; natuur-religie is paganisties. Sowel die kennis van die orde van verlossing (en hiermee kennis van wat ons besondere religie en besondere etiek noem) as die kennis van die orde van die skepping (en hiermee kennis van wat ons algemene religie en algemene etiek noem) kry ons volgens Calvyn uit Gods Woord. Calvyn ontken nie (soos reeds aangetoon) die openbaring van God in die 'natuur' nie, 'n openbaring wat slegs by die lig van Gods Woord reg verstaan kan word.

In die onderskeie afdelings van hierdie studie het ons implisiet die onderskeiding gegee wat ons met 'algemene' en 'besondere' etiek beoog.

Bygevoeg mag word dat Calvyn se onderskeiding van kerk en staat en hul onderlinge verhouding slegs reg verstaan kan word in die lig van die onderskeid van algemene en besondere etiek.

2. Die algemene etiek het betrekking op die aard van die mens soos hy goed geskape is en bied dus norme wat vir die mens as mens geld; dit laat ons die mens in sy originele en normale verhouding tot God sien. Dit behandel die vraag na die wil van God vir die hele lewe van die mens. Hierop antwoord Calvyn dat ons die wil van God uit die wet van God, die norm vir die hele lewe, moet leer ken. Die hoofdoel daarvan is dat ons God, ons Skepper en Vader, sal eer. Ons is Hom álle eerbied, liefde, vrees en gehoorsaamheid verskuldig. Die wet leer ons om self in ons onmag en ongeregtigheid ken en eis dat ons geregtigheid sal betrag. Dit eis aan die een kant teenoor God 'n reinheid van hart en aan die ander kant teenoor mense 'n eerbare wandel met die regte gesindheid. Sy dieper sin is gegee in die dubbele liefdesgebod van Christus. In besonder toon Calvyn dit aan met sy behandeling van die 10 gebooie. Hierdie behandeling gaan uit van die bepalings dat in elke gebod meer opgesluit lê as wat in die woorde uitgedruk word; m.a.w. dat ons die verdere bedoeling van elke gebod moet leer verstaan; en dat in elke gebod 'n verbod en in elke verbod 'n gebod opgesluit lê. Die eerste tafel het betrekking op die diens van God; en die tweede hoe ons ons teenoor mense moet gedra. Die tweede tafel moet in sy verband met die eerste verstaan word. Die wet kom met bedreigings en beloftes ooreenkomstig die geregtigheid en liefde van God. Dit is God wat met Sy heerlike majesteit ons beveel om te gehoorsaam. Slegs uit Gods Woord leer ons Sy wil reg ken.

Met sy algemene etiek behandel Calvyn ook o.a. die onderskeie (maar samehangende) roepings van kerk en staat, die gebondenheid van staatsowerheid en –onderdane aan die wet van God as norm van geregtigheid en die verpligte gehoorsaamheid van die burgers aan die owerheid.

3. Die besondere etiek stel die sedelike in 'n nuwe verhouding tot die wet van God (sonder om dit op te hef) soos dit deur die genade van die evangelie geopenbaar word. Die evangelie bestry nie die wet nie, maar bevestig veeleer alles wat die wet beloop het, en voeg aan die skaduwee die liggaam toe. Die verbond wat God met Israel opgerig het is wesenlik en saaklik dieselfde as die wat Hy met ons opgerig het; die verskil tussen beide lê slegs in die manier van die bediening. Die besondere religie loop deur die Oue en die Nuwe Testament heen en kom in die Middelaar tot sy skoonste openbaring. Ons moet dan ook uitgaan van die gelykheid van die Oue en die Nuwe Testament, ook al noem die Heilige Skrif die Ou Testament o.a. 'n testament van bediening en die Nuwe, 'n testament en vryheid; en al het God tot op die koms van Christus een volk uitverkies in wie Hy Sy genadeverbond onderhou het, terwyl daar met die koms van Christus nie Jood of Griek meer is nie, maar Christus in almal.

Christus het as Middelaar vir ons die genade van God, die vergewing van sondes en die saligheid verdien. Die verlossingswerk van Christus word ons deel deur die verborge werksaamhede van die Heilige Gees. Deur die geloof ('n gewisse kennis van die barmhartigheid van God in Jesus Christus) word ons wedergebore en dit is die werk van die Heilige Gees van ons aanneming tot kinders van God. Die regverdigmaking deur die geloof is dan ook geen verdienste nie, maar onverdiende genade en gawe. Wie roem in die verdienstelikheid van die werke, vernietig sowel die lof van God wat geregtigheid skenk as die sekerheid van ons saligheid. Die saligheid van gelowiges is alleen gegrond in die welbehag van die verkiesing deur God.

Leerstukke wat met bostaande uitsprake saamhang asook ander behandel Calvyn in die besonder en stel hulle telkens i.v.m. die Christelike lewe, d.w.s. sy etiek. Om dit in besonderhede aan te toon kan hier nie geskied nie. Ons beperk ons tot wat Calvyn omtrent boetvaardigheid en selfversaking/selfverloëning leer, twee sake waaraan hy besondere aandag skenk.

Die hoofsaak van die evangelie is boetvaardigheid en vergewing van sondes. Boetvaardigheid, 'n besondere gawe van God en onafskeidbaar van geloof en van die barmhartigheid van God, is 'n verskeurdheid van die hart, 'n bekering tot God en 'n sielsverandering. Dit kom uit vrees vir God op en laat ons ons sondes bely en haat, waardeur ons toegang tot Christus kan verkry, aan sy dood gelykvormig kan word en aan Hom deelgenootskap kan kry. Dit verlos ons van die diensbaarheid van sondes, bring ons tot verootmoediging en

bestaan aan die een kant uit doodmaking van die vlees en afsterwing van sonde, en aan die ander kant uit lewendmaking van die gees, waardeur dit die vrugte voortbring van reg, barmhartigheid en trou asook van vroomheid jeens God, liefde tot die naaste, heiligheid en suiwerheid van die hele lewe.

Die hoofsaak van die Christelike lewe is selfversaking. Ons behoort nie aan onself nie, maar aan God. Hy moet ons verstand en hart lei en regeer. Ons moet onself verloën en God met ons hele hart gehoorsaam navolg, nie ons eie heil soek nie, maar dinge wat met die wil van God ooreenstem. Ons behoort ons liggame te stel as 'n lewendige, heilige en Gods welgevallige offer. Ons het in ons ganse lewe met God te doen. Hy het ons Christus (Wie ons van sondes reinig) as voorbeeld gestel sodat ons in ons lewe Sy gestalte sal vertoon. Ons moet met selfverloëning godsalig lewe (ingetoënheid, billikheid en vroomheid beoefen), die liefde wat ons van nature vir onself koester (en daarmee hoogmoed, afguns, nydigheid, twisgierigheid, heerssugtigheid, ens.) bestry en deur naasteliefde en eerbetoning aan ander sagmoedigheid, vriendelikheid en goedertierendheid betrag. Ons moet die voordeel van ons naaste soek, in goeddoen nie verslap nie, lankmoedig en nie verbitterd wees nie, maar in alle dinge liefde betrag. Ons moet nie op onself vertrou nie, gewillig verdrukking op ons neem, lydsaamheid beoefen, die kruis terwille van God dra en alles, ook strawwe en lyde, gehoorsaam uit Sy hand ontvang.

Bygevoeg moet word dat Calvyn die christelike lewe (d.w.s. sy besondere etiek) ook behandel m.b.t. die kerklike lewe, die kerklike ampte, die kerklike tug en die sakramente.

4. Calvyn se algemene en besondere etiek vorm 'n eenheid wat die ganse lewe van die Christen in diens van God Drie-enig stel, en wat eis dat ten opsigte van onself ons sober sal leef, regverdig teenoor ons naaste en vroom teenoor God; 'n eenheid wat aan die een kant die kerklike en aan die ander kant die lewe van huis, staat en maatskappy omspan.

#### F. Die huidige Calvinistiese etiek en Calvyn

1. Kenbronne vir die wetenskap (i.c. die etiek) is Gods Woord en Sy skepping (of kosmos). Die Heilige Skrif is hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, die kenbron vir teologie; want Gods Woord bied ook gegewens wat vir wysbegeerte en vakwetenskappe van belang is. Die kosmos is hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, die kenbron vir wysbegeerte en vakwetenskappe; want teologie mag die openbaring van God in Sy skepping (gesien in die lig van Sy Woordopenbaring) nie links laat lê nie.

Ooreenkomstig die kenbronne moet ons (a) onderskei tussen God en die kosmos as totaliteit en as verskeidenheid en (b) hul samehang in oog vat. Teologie is die wetenskap van (a) die openbaring van God aangaande Homself in Sy Woord en werke en (b) van die betrokkenheid van die kosmos as totaliteit en verskeidenheid op God. Wysbegeerte is die wetenskap van die (b) deur God geskape en bestierde (a) skepping horisontaal in sy totaliteit en verskeidenheid gesien en (b) van die samehang van die verskeidenheid as sodanig in hierdie totaliteit. 'n Vakwetenskap (bv. natuurkunde, sielkunde, letterkunde, sosiologie) is die wetenskap van 'n (b) deur God geskape en bestierde en (b) met die totaliteit van die kosmos verbonde (a) besonder deel of aspek van die kosmiese verskeidenheid horisontaal in sy besonderheid gesien. Alhoewel onderskeibaar is hierdie wetenskappe nie skeibaar nie. Soewerein in eie kring sal die een die ander nie dikteer nie, maar vrywillig met die ander saamwerk. Die teologie is o.a. vir intern-kosmiese onderskeidings op die hulp van die wysbegeerte en vakwetenskappe aangewys; die wysbegeerte vir sy grondidee op die hulp van die teologie en vir sy onderskeiding van die kosmiese verskeidenheid op die medewerking van die vakwetenskappe; en 'n vakwetenskap vir sy teale grondbeginsels op die hulp van die teologie en vir sy grondbegrippe op die hulp van die wysbegeerte.

Teologiese etiek is die wetenskap van die sedelike in sy vertikale betrokkenheid op God (w.o. van sondeval, bekering en heiligmaking). Wysgerige etiek is die wetenskap van die sedelike horisontaal gesien in sy verbondenheid met alle ander verskeidenheid in die totaliteit van die kosmos. Vakwetenskaplike etiek is die wetenskap van die sedelike horisontaal in sy besonderheid as die sedelike gesien. Hierdie drieërlei etiek is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie, en op onderlinge diens aangewys.

Die volgende (positiewe en negatiewe) kritiese opmerkings streef nie na volledigheid nie, maar na 'n globale beeld.

2. Calvin se teologiese etiek bied 'n monumentale konsepsie in sy grootsheid en diepte byna onvergelykbaar in die geskiedenis van die mensdom. Vergelyk maar net sy *vita christiana* met wat 'n Aristoteles of 'n Kant ons bied: Maar die grootsheid en diepte van Calvin se visie is die van Gods Woord. Op die fundamente deur Calvin goed en reg gelê moet die huidige Calvinistiese teologiese etiek verder bou, ook al sal hier en daar 'n steen reformerend omgebou moet word.

Maar 'n wysgerige en vakwetenskaplike etiek het Calvin ons nie nagelaat nie. Hy het egter daarvoor opening gelaat en verwys herhaaldelik bepaalde vraagstukke na wysgere (nieteenstaande sy dikwels meedoënlose kritiek op hulle). Hier sien die huidige Calvinistiese etiek

tereg 'n dringende taak vir hom weggeleë; sy publikasies op hierdie gebied (weens die jeugdigheid van hierdie wetenskappe dikwels nog te teologies) hou ryke beloftes vir die toekoms in.

3. Calvyn se beskouing aangaande die Heilige Skrif en aangaande die betekenis van die Skriflig vir die hele lewe van die mens, en sy leer aangaande die besondere en algemene openbaring van God is vir die huidige Calvinistiese etiek grondleggend en onmisbaar. In hierdie verband wil ek egter die aandag vestig net op 'n merkwaardige oopheid van gemoed by Calvyn teenoor andersdenkendes. Ek het hier in gedagte sy opmerkings oor die uitnemende gawes van verstand wat God aan ongelowiges geskenk het en dat ons hulle bevindings (insover waar en 'in U lig' gestel) mag bewonder en gebruik omdat die Heilige Gees daarvan die Outeur is. Is ons nie te dikwels te negatief m.b.t. wat andersdenkendes ons bied? Ek dink hier aan die houding wat ons in die reël inneem o.a. teen die waarde-etiek (wat iets anders is as deugde-etiek), teenoor die eksistensiële wysbegeerte en teenoor die fenomenologiese metode van intuïtiewe insig.

Die aanvaarding van waarheidsmomente in beskouings van andersdenkendes herberg die gevaar van verkeerde beïnvloeding. Hieraan het Calvyn (en later ook bv. Kuyper en Bavinck) nie ontkom nie. Dit geld van ons ook. Ons kan en mag ons nou eenmaal van die tyd waarin ons lewe nie isoleer nie. Teen die genoemde gevaar moet ons stry. Maar dit alles onthef ons nie van die plig om waarheidsmomente van andersdenkendes te erken en te gebruik nie.

***Wat die horisontale visie van die sedelike betref moet ons Calvyn se sterk begronde waarskuwing ter harte neem dat kennis van die ware religie en van die ware sedelike norme nie uit die 'natuur' as 'natuur' verkry kan word nie.*** Dit weerspreek nie die moontlikheid en onthef ons nie van die plig nie om die sedelike (w.o. norme, eise, pligte, deugde, waardes, ens.) horisontaal maar 'in U lig' te bestudeer. Dit is o.a. juis die taak van ons huidige wysgerige en vakwetenskaplike etiek.

4. Een van die aangrypendste en imponerendste waarhede in die teologiese etiek van Calvyn is die van die majesteit van God Drie-enig wat oor álles gaan, 'n majesteit vol van geregtigheid en barmhartigheid. Hierdie radikaal teosentriese grondslag mag die huidige Calvinistiese etiek nie prysgee nie. Vir elke etiek geld trouens dat die opvatting van God (of van bv. die Absolute of Algenoegsame) die beskouings omtrent die sedelike medebepaal. Hoe kragtig spreek dit nie uit Calvyn se teologiese etiek nie!

Dit is egter nodig om in hierdie verband die aandag te vestig op Calvyn se beskouings omtrent minder en ondergeskikte oorsake en die gebruik van middele. Hierdie vraagstukke (in

horisontale visie gesien) behoort tot die taak van die huidige Calvinistiese wysgerige en vakwetenskaplike etiek.

5. Is dit nodig om vir ons huidige etiek die betekenis bloot te lê van die antropologiese etiek van Calvyn, o.a. aangaande die beeld van God in die mens, godsdiens, geloof en liefde, die gewete, sonde en wedergeboorte?

In ons huidig Calvinistiese denke is egter vraagstukke aangaande siel en liggaam in die smeltkroes. Die tradisionele beskouing (skolasties mede-beïnvloed) beklemtoon m.i. tereg die tweeheid van die mens (w.o. die onsterflikheid van die siel); maar daardeur word sy eenheid die probleem. Die huidige Calvinistiese denke (deur ander huidige strominge mede-beïnvloed) beklemtoon m.i. tereg die eenheid van die mens; maar dit geskied op so 'n wyse dat die tweeheid van die mens tot probleem word. Die antwoord op hierdie teëstelling lei m.i. egter dieper as die betrokke probleemstellings, omdat die mens 'n twee-eenheid (analoog aan die drie-eenheid van God) is. Ons het hier in die grond van die saak met 'n misterie te doen wat die menslike verstand te bowe gaan. Die spanning van hierdie onderlinge meningsverskil tref ook ons etiek, omdat die betrokke antropologie die opvatting van die sedelike mede-beïnvloed.

Merkwaardig is dat vanaf Calvyn tot vandag Calvinistiese etiek oorwegend individuele etiek is op die agtergrond van die aanvaarde eenheid van die mensegeslag na die vloede in Adam en van die herbore mensegeslag in Christus. Die erkenning van naasteliefde (wat inter-individueel is) maak hierdie etiek nog nie 'n sosiale etiek nie. ***'n Sosiale etiek gaan uit van die eenheid van die betrokke samelewingskringe (huwelik, gesin, geslagte, volke, ens.) en ook hiervoor bied nie net die samelewing self nie, maar ook die Woord van God ryke gegewens.***

Op grond van die vooruitgang van antropologie en sielkunde ná Calvyn, sal Calvyn se leer van twee sielsvermoëns die huidige Calvinis moeilik kan bevredig, al sal hy kostelike waarhede deur Calvyn in hierdie verband geopper nie wil prysgee nie. Weens sy leerstuk van die verstand is Calvyn soms as 'n intellektualis beskrywe. Hy verwerp egter die outonomie van die verstand (resp. rede). Calvyn mag in 'n bepaalde opsig m.b.t. die leiding van die wil die betekenis van die verstand meer beklemtoon het as bv. die van die liefde, maar sy sobere/nugtere verstandsbeskouing is vir ons vandag 'n krag teen die populêre irrasionalistiese verstandsdenaturering.

Calvyn se leer van middelmatige dinge verdien kritiese heroorweging.



Calvyn is weens sy majestueuse visie van die voorbeskikking van God en sy opvatting van die vryheid van die mens wat hy in die lig hiervan sien, soms (en wel verkeerdelik) van determinisme beskuldig. Maar die huidige Calvinistiese etiek sal aan menslike vryheid volgens horisontale visie (sonder prysgawe van die teale van Calvyn) meer reg moet laat geskied.

6. M.b.t. Calvyn se teologiese etiek beperk ek my tot drie opmerkings.

(a) **Calvyn stel tereg die hele (ook bv. die kulturele) lewe van die mens in diens van God.** Huidige Calviniste voel die noodsaaklikheid om te onderskei tussen godsdiens in hierdie ruime sin (ook wel religie genoem) en godsdiens (in engere sin), nl. die diens van God d.m.v. bv. gebed, loflied en erediens. Hierdie onderskeiding is onmisbaar as ons bv. tussen sedelikheid en godsdiens (in enger sin) wil onderskei.

(b) Die Institusie van Calvyn (as die leer van die vita christiana) is sowel 'n etiek as 'n dogmatiek. Ná Calvyn het Planus en Voetius 'n nodige onderskeiding ingevoer deur dogmatiek te betrek op die norma credendorum en die etiek op die norma agendorum (resp. faciendorum). Huidige Calviniste ag hierdie onderskeiding onvoldoende omdat m.b.t. die norma agendorum nie onderskei word tussen die spesifiek sedelike én ander norme (nl. die bv. van godsdiens, reg en ekonomie, en van kuns, taal en denke). Veral ook vir 'n wysgerige en 'n vakwetenskaplike etiek is hierdie verdere onderskeiding onmisbaar. Die meeste huidige Calviniste sien die spesifiek sedelike in liefde (bv. soos gegee met die dubbele liefdesgebod van Christus as eenheid gesien, of slegs soos met die tweede liefdesgebod gegee, of slegs as naasteliefde, of as "a modal temporal refraction of the central commandment of Love as the religious meaning totality", of as trou in huwelik en vriendskap, ensovoorts).

Hoe huidige Calviniste in die nadere bepaling van die spesifiek sedelike ook mag verskil, stem algar met Calvyn hierin ooreen dat die liefde van mens tot mens sy diepste sin ontvang van die liefde van mens tot God en daarvan nie geskei mag word nie. Self sien ek die sedelike as die liefde tot die menslike persoon (self- en naasteliefde). Tot die sedelike behoort ook self-liefde want is die 'ek' dan nie verplig om ook in homself die ewebeeld van God te erken en te waardeer, en om sy van God gegewe talente, moontlikhede en roeping as die sýne te behartig nie? Calvyn sluit dit nie uit nie; sy eis van selfversaking/selfverloëning o.a. met die betuiging van naasteliefde is gerig teen sondige selfsug.

(c) **Besonder kragtig beklemtoon Calvyn die onvoorwaardelike onderwerping van die mens aan die sedewet van God omdat dit Gods wet is en Sy wil uitdruk.** Hierom en omdat Calvinistiese etiek (veral in die verlede) die verhouding van mens tot God te veel as 'n

regsverhouding gesien het, is Calvinistiese etiek van nomisme beskuldig. **Die beskuldiging mag oordryf wees, maar ontken kan nie word nie dat Calviniste vanaf Calvyn tot vandag 'n besondere nadruk op die wet van God lê; en tereg ook.** Maar 'n ander vraag is of hulle nie te eensydig die wet van God beklemtoon het nie en beklemtoon; o.a. uit die vrees dat ons die wil van God uit die gevalle skepping ('natuur') moeilik reg kan ken. Ons beland hier in die fundamentele en aktuele probleem van kasuïstiek en situasie-etiek deur dr. A Troost so indringend in sy proefskrif behandel. Die kernwaarheid van die situasie-etiek behoort ons m.i. te erken, al is dit op ander wyse as wat daardie etiek dit tot dusver gedoen het. Die Heilige Skrif is vol daarvan dat God ons ook deur die tekens van die tye toespreek, dat daar 'n tyd is om dit te doen en 'n ander tyd om iets anders te doen, en dat ek met alle mag moet doen wat my hand vind om te doen. 'Roep' bv. 'n baba in sy wieg nie om voeding en opvoeding nie? Selfs die ongelowige wat Gods geopenbaarde wet nie ken nie, sal dit beaam. Maar kan ons die aanspraak wat vanuit 'n konkrete historiese situasie tot my kom volkome herlei tot dit wat die wet van God van my eis? Dit tog nie. Aan die ander kant sal ons ook die konkrete situasie in sy hic-en-nunc-beroep op my moet beoordeel in die lig van die geopenbaarde wil en wet van God. As ons hieraan reg laat wederveraar, verval die beskuldiging van nomisme, d.w.s. 'n eensydige benadrukking van die wet van God.

Calvyn se etiek is so ryk; daar is nog soveel om te sê. Maar uit wat gesê is blyk dat Calvyn 'n fondament gelê het waarop ons veilig en vrugbaar verder kan bou; dat sy sisteem (as ons dit so mag noem) 'n oop sisteem is omdat hy die laaste grond van die sedelike nie in die kosmos nie, maar in God vind, en ons die sedelike in die lig van die openbaring van God laat sien. Gehoorsaam aan God se wet vir die geskiedenis kan ons in die uitbou van teologiese, wysgerige en vakwetenskaplike etiek bou op die hegte fundamente deur Calvyn gelê en meteen in die voortgang van die geskiedenis daardie take onderneem waartoe God Drie-enig in die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis ons juis vandag roep, eerstens tot Sy eer en verheerliking, tweedens tot bevordering van Sy koninkryk en derdens as middels in Sy hand vir die verwesenliking van Sy raadsplan op aarde.

---

<sup>i</sup> HG Stoker CD & *Oorsprong en Rigting*, deel 1. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers, 1967: 284-304.